# KOERSVAS

**Blitsberig**
**Oktober 2022**

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Berig oor hofsaak**

Dit is van dringende belang dat hierdie berig wyd versprei sal word. In die besonder word lidmate wat kontak het met NHKA Predikante en afgevaardigdes na die sittende 73e AKV versoek om moeite te doen om spoedeisend die saak onder daardie persone se aandag te bring.

Die NHKA het die **indruk gelaat** dat hulle by die uitspraak van die hof gaan **berus**, veral nadat hulle aansoek tot appél van die hand gewys is. Dit was met verbasing dat ons vandag kennis ontvang het dat die NHKA intussen besluit het om nou **aansoek** te doen om **kondonasie** vir 'n laat aansoek om verlof tot **appèl by die Hoogste hof** van Appèl in Bloemfontein. Ons sal nie nou ingaan op die "redes" wat hulle aanvoer vir die uiters laat aansoek nie. Wat wel van belang is, is dat almal kennis moet neem dat die NHKA steeds voortsleep met die hofsake.

Dít word gedoen ten spyte van die Kommissie se emosionele "verslag" soos in die September *Koersvas* onder die loep geneem. Dít ten spyte van die stelling aan die AKV by wyse van die verslag dat hulle nie **verder betrokke met litigasie sal wees**; anders as om gemeentes te ondersteun, nie.

Daar is twee vrae wat nou gestel gaan word en dit is ten opsigte van motivering en tydsberekening.

<u>Motivering</u>: Wat het nou intussen verander en gemaak dat die NHKA nou weer wil voortgaan met 'n verdere aansoek?

- Is dit die feit dat Rustenburg hulle geld opgeëis het?
- Is dit die feit dat gemeentes van die GHG nou normaal funksioneer?
- Is dit omdat daar druk van buite op hulle geplaas word? Dalk deur die NGK waarmee hulle wil saamsmelt?

<u>Tydsberekening</u>:

- Waarom juis nou?
- Is dit om te keer dat die AKV wat tans in sitting is 'n besluit neem om nie voort te gaan met die hofsake nie en sodoende enige aansoek tot appèl kan verhoed?

Van fondse gepraat. **Waar gaan die geld vandaan kom**? Daar is dan geen litigasie item op die begroting nie. Waar is die mandaat om weer miljoene te spandeer?

Wat ook al hulle redes, ons is steeds gereed vir die stryd. Inteendeel ons is na tien jaar **gewoond aan die aanslae**. GHG-gemeentes, verenigings en lidmate wat die GHG se saak goedgesind is word versoek om by te dra tot die nuwe (voortgesette ou) stryd.